Sabbatariërs word geantwoord

Inleiding

Sabbatariërs redeneer dat omdat dit net die Tien Gebooie is wat op kliptafels geskryf is, dit net die Tien Gebooie en spesifiek die vierde gebod is, wat gehou moet word, maar in die konteks van die gee van die wet word verklaar:

> "*Maar jy, bly hier by My staan, dat Ek jou kan meedeel **al** die **gebooie en die insettinge en die verordeninge** wat jy hulle moet leer, **dat hulle dit kan doen**... Sorg dan dat julle doen soos die HERE julle God julle beveel het; julle mag nie regs of links afwyk nie **(******Deut. 5:31-32).***

Om konsekwent te wees moet hulle dan ook al die gebooie, insettinge en verordeninge wat in die konteks van die gee van die wet gegee is, gehoorsaam. Sien **Deuteronomium 28:15:**

> *"Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou **al sy gebooie en sy insettinge** wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal"* **(Deut.28:15, 8:1).**

Onder die insettinge en verordeninge wat God aan Moses gegee het was daar byvoorbeeld ook die opdrag, saam met opdrag om die Sabbat te hou, om 'n opstandige seun met klippe dood te gooi **(Deut.21:20-21).** Word dit saam met die hou van die Sabbat gedoen? Hoekom nie? Niemand het die reg om te kies en te keur ("pick'n choose") onder wat God as 'n eenheid beskou nie!
Die Tien Gebooie was deel, as 'n geheel, van die Ou Verbond en in die Nuwe Testament word daar daarna verwys as die Wet en die Profete, sien byvoorbeeld **Lukas 16:16:**

> *"Die wet en die profete was tot op Johannes..."*

Die vervulling van die Mosaïese Wet

Mattheüs 5:17-18 word gewoonlik aangehaal om Ou Testamentiese wetsonderhouding te regverdig:

> *"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, **maar om te vervul**. Want voorwaar Ek sê vir julle , voordat die hemel en aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan **totdat alles vervul is nie**"* (My beklemtoning).

Jesus sê nie hier dat Hy gekom het sodat die wet onderhou moes word nie – Hy sê dat Hy gekom het om die wet te **vervul** en dat dit sou bly staan *"**totdat alles vervul**"* is. **Waarna verwys *"die alles"* wat vervul moes word?** Jesus verduidelik self:

> *"Kyk, ons gaan op na Jerusalem, en alles wat deur die profete geskrywe is, sal aan die Seun van die mens volledig **vervul word**"* (**Luk. 18:31**, my klem).

> *"…Ek het aan julle verduidelik dat alles wat in die wet van Moses en in die profete en die psalms oor My geskryf is**, vervul moet word**"* (**Luk. 24:44,** my beklemtoning).

Volgens Jesus verwys **"*die alles*"** na alles wat in die wet, die profete en in die Psalms oor Hom geskrywe is. Onder die "alles" wat moes gebeur was byvoorbeeld die vervulling van nagenoeg 44 Ou Testamentiese profesieë wat betrekking het op die koms van die Messias. Die belangrikste wat moes gebeur, was natuurlik die kruisiging, die dood en die opstanding van die Here Jesus. Jesus se gesprek met die Emmausgangers i.v.m. die kruisigingsgebeure verduidelik verder waaroor die Ou Testament gaan; dit gaan in skadubeeldvorm oor Jesus Christus:

> *"En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in **al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het**"* (**Luk. 24:27**).

Mattheüs 5:7-18 beteken dat alles wat in die Wet en die Profete oor Jesus Christus geskrywe is, sou bly staan totdat dit met Sy kruisiging, Sy dood en Sy opstanding vervul sou word. **Jesus was die realiteit waarna al die skadubeelde van die Ou Testament gewys het.** Volgens wat Sabbatariërs glo moet 'n mens tot die slotsom kom dat Jesus nooit die wet vervul het nie! Hulle verwys na die verklaring dat nie een jota of een titteltjie van die wet ooit sal verbygaan as 'n bewys dat die Sabbat vandag nog van krag is **(Matt.5:18).** As elke "*jota of titteltjie van die wet"* nog vir vandag geld, moet Sabbatatiërs saam met die hou van die Sabbat ook diereoffers slag en graanoffers offer! **(Num.28:9).**

Hoe het Jesus die wet vervul ? – Deur Sy lewe, dood en deur Sy leringe.
Zodhiates verduidelik die Griekse woord vir "vervul", **pleróo**, so:

> *"...to fill out, complete, make perfect, accomplish an end" –The Complete Word Study Dictionary.*

Van die dinge wat Jesus voor Sy kruisiging aan Sy dissipels gesê het, dra baie daartoe by om die betekenis van Sy woorde in **Mattheüs 5:17-19** beter te verstaan. Hy het byvoorbeeld aan hulle verduidelik dat sekere dinge eers na die uitstorting van die Heilige Gees vir hulle duidelik sou word:

> *"Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. Maar **wanneer Hy gekom het, die Gees van die Waarheid**, sal Hy julle in die hele waarheid lei..."* (**Joh. 16:12-14**, my beklemtoning).

Die Heilige Gees het na Jesus se hemelvaart in **Handelinge 2** gekom. Hierdie feit maak die geskrifte van die Nuwe Testament baie belangrik, want in hulle gee die apostels geïnspireerde inligting aangaande die kerk en die Nuwe Testamentiese bedeling wat voor die uitstorting van die Heilige gees nie bekend was nie:

> *"...waarvan ek 'n dienaar geword het ...om die woord van God te vervul, naamlik **die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar** is aan sy heiliges, aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid (***Kol. 1:25-27).***

> *"Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, **om die wat onder die wet was, los te koop**, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang"* (**Gal. 4:4)**.

Die Ou Testamentiese bedeling sou voortduur tot op Johannes, die laaste Ou Testamentiese profeet. **Lukas 16:16 en Hebreës 1:1-2** bevestig dit:

> *"Die wet en die profete was tot op Johannes..."*
>
> *"Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun."* **(Heb. 1:1-2).**

Die implikasie van Jesus se leringe

Deur te kyk na wat Jesus verkondig het, word dit duidelik wat Hy bedoel het toe Hy gesê het dat Hy gekom het om die wet te vervul. **In Sy prediking verwys Jesus keer op keer na wat die wet van Moses beveel en kontrasteer dit dan met wat Hy verwag. Hy vervang elke keer die vereistes van die Ou Testamentiese wet met die veel hoër standaard van Sy leringe**. So is Jesus byvoorbeeld nie tevrede met die standaard van die gebod in **Exodus 20:14** wat verklaar dat jy nie mag egbreek nie en "vervul" dit deur te sê:

> *"Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie.* ***Maar Ek sê vir julle*** *dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreek gepleeg het"* (**Matt. 5:27-28**, my beklemtoning).

Jesus veroordeel nie net die daad nie, maar die gesindheid nog voor die handeling plaasgevind het. Vergelyk wat Jesus ook met die sesde gebod doen:

> *"Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie...(Ex. 20:13).* ***Maar Ek sê vir julle*** *dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur"* (**Matt. 5:21-22,** my beklemtoning).

Die Tien Gebooie veroordeel die uiterlike daad, maar Jesus stel 'n veel hoër vereiste. Hy veroordeel die gesindheid, of die daad nou plaasgevind het of nie. Die morele standaard van die wet word nie deur Jesus tot niet gemaak nie, maar elke gebod word met 'n hoër vereiste "vervul." Omdat Jesus nie tevrede is met gehoorsaamheid aan net 'n uiterlik stel wette nie, maar 'n sekere hartsgesindheid vereis, **is geestelike wedergeboorte nodig sodat die krag van die inwonende Heilige Gees 'n mens in staat kan stel om uit te leef wat Hy verwag** (**Gal. 5:16**).

Die Vervulling van die Wet

Die Tien Gebooie	**Die Nuwe Testament**
1.Geen ander gode (**Eks.20:3).**	**1.** *"Ek is die Weg*..." (**Joh. 14:6**) "*..geen ander naam onder die hemel waardeur gered kan word nie*" (**Hand. 4:12**)
2. Geen gesnede beeld (**Eks.20:4**).	**2. Rom. 1:22-25**, Die beeld van God mag nie verander word na die gelykenis van iets

	in die natuur nie.
3. Die Naam van God mag nie ydelik gebruik word nie	**3.** Moet van elke ydele woord rekenskap gee (**Matt. 12:36**).
4. Sabbat – Heilig en rus een dag uit Sewe	**4.** Sabbat, skadubeeld van lewe van rus in Christus (**Heb. 4:10, Joh. 6:28-29**).
5. Eer ouers **(Eks. 20:12).**	**5. (Ef. 6:1-4**) Nie net kinders word aangespreek nie, maar ook ouers.
6. Mag nie doodslaan nie (**Eks. 20:13**).	**6.** Sal verantwoording moet doen vir elke. beledigende en kwaadwillige gesindheid **(Matt. 5:22)**
7. Mag nie egbreek nie (**Eks. 20:14**).	**7.** Deur net met begeerte te kyk, word reeds oortree (**Matt. 5:28**).
8. Jy mag nie steel nie (**Eks. 20:15**).	**8.** Moet nie net ophou steel nie, maar moet produktief wees om te kan deel **(Ef. 4:28).**
9. Mag nie valse getuienis gee nie **(Eks. 20:16).**	**9.** Jou ja moet ja wees (**Matt. 5:33-37**).
10. Mag nie begeer nie **(Eks. 20:17**).	**10.** Gedrag moet vry van gierigheid **(Heb. 13:5, 1 Tim. 6:6-10).**

Ons sien dus dat elkeen van die bepalings van die Tien Gebooie deur die leringe van Jesus tot ’n hoër morele en geestelike standaard “vervul” of verhef word.

AANBIDDING OP DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK

In ’n publikasie word daar verklaar dat die Sabbat God se uitnodiging aan die mens is om rus, vrede en vreugde in Sy teenwoordigheid te ervaar (*God het gesê Onthou* – Mark Finley, bl.9). Hierdie stelling is misleidend en teenstrydig met wat in **Mattheüs 11:28-29** geskrywe staan:

“*Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en **Ek sal julle rus gee.”***

Die Nuwe Testamentiese manier om rus en vrede te geniet is om deur geloof Jesus Christus as Saligmaker te hê.

God se antwoord aan die mensdom om rus en vrede te ervaar is nie gebaseer op die hou van die Sabbat nie, maar is gebaseer op ’n geloofsoorgawe aan Jesus Christus as Saligmaker en “Vredevors” (**Jes.9:5-6, Matt.11:28-29).**
Die stelling wat sommige Sabbatariëers maak dat ons deur die hou van die Sabbat kan weet dat God ons heilig, weerspreek wat die Nuwe Testament verklaar:

"*...deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing"* **(1 Kor.1:30).**

Antwoorde op argumente van Sabbatariërs

Sommige wil voorgee dat die Sabbat 'n ewige instelling is. Volgens die Bybel egter, voordat die wet aan Moses by Sinai gegee is, het die Tien Gebooie as 'n formele wettiese kode nie bestaan nie en ook kom die woord "sabbat" nêrens in die Boek Genesis voor nie.

> *"Die HERE onse God het by Horeb met ons 'n verbond gesluit.* ***Met ons vaders het die HERE hierdie verbond nie gesluit nie****, maar met ons self****..."*****(Deut. 5:2-3).**

As die Tien Gebooie nie voor Moses bestaan het nie, dan het die vierde gebod ook nie bestaan nie. Geen bevel of gebod kan voor Moses gevind word wat beveel dat die Sabbat gehou moet word nie. Die eerste geval van sabbatonderhouding word eers in **Exodus 16** gevind. Ons lees nêrens dat Adam, Noag, Abraham, Isak en andere, voor die gee van die Tien Gebooie, die sabbat onderhou het nie.

*"****Ek het hulle uit Egipteland uitgelei*** *...En Ek het hulle my insettinge gegee en my verordeninge aan hulle bekend gemaak...****Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee*** *om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig"* **(Eseg. 20:10-12).**

God het die Sabbat met die gee van die wet aan Israel bekend gemaak – Hy het hulle nie daaraan herinner nie:

> *"En op die berg Sinai het U met hulle gespreek en U het aan hulle regte verordeninge en betroubare wette, goeie insettinge en gebooie gegee.* ***En u heilige sabbat het U aan hulle bekend gemaak,*** *en gebooie en insettinge en 'n wet...* ***"*** (**Neh. 9:13-14).**

Hierdie feit word bevestig in **Galasiërs 3:17** wat verklaar dat die wet eers vier honderd en dertig jaar na Abraham gekom het:

> *"...die wet wat vier honderd en dertig jaar later gekom het (na Abraham*)...(**Gal. 3:17).**

Sabbatariëers se redenasie dat omdat die verwysing na die Sabbat in **Esegiël 20:10-12** in die meervoud is, dit nie na die weeklikse Sabbat kan verwys nie, is verkeerd. Die verwysings na die weeklikse Sabbat in **Levitikus 19:3; 23:38** en **Jesaja 56:4** is ook in die meervoud.

In die konteks van **Exodus 16:21-23** sien ons dat dit vir Israel 'n nuwe ervaring was om op die sesde dag 'n dubbele porsie manna bymekaar te maak. Voor hierdie opdrag van die Here was hulle nie gewoond aan die hou van 'n sabbat nie. Terwyl daar in die tyd van die Patriarge verwysings is aangaande offerandes (**Gen.4:3-4**), altare (**Gen.8:20**), priesters (**Gen.13:18),** Tiendes (**Gen.14:20**), besnydenis (**Gen.17:10),** huwelike (**Gen.2:24, Gen.34:9)**, is daar nêrens 'n verwysing na die hou van 'n sabbat nie.

Gen.2:2, Ex.20:11

Die feit dat God eers na die sesde dag gerus het en dat Hy die sewende dag toe geheilig het, wys dat die Sabbat nie ’n ewige wet was wat voor die skepping van die heelal al bestaan het nie. Al het God die Sabbat al in die tuin van Eden geheilig, het Hy dit aan niemand in die Tuin bekend gemaak nie, want dit het Hy eers in Exodus 16 gedoen. Voor dit is daar geen verwysing in die Skrif dat iemand dit voor Exodus 16 gehou het nie. Die Boek Genesis is eers in die tyd van Moses geskryf en daarom het almal voor dit geen kennis van ’n sabbat gehad nie.

Die Antisipasie-beginsel in die Skrif

Die Skrif verklaar dat Christus as Offerlam voor die grondlegging van die wêreld vooruit bestem is (**1 Petrus 1:20**), maar hierdie feit is eers met Sy Menswording geopenbaar. Hierdie en ander skrifgedeeltes is voorbeelde van iets wat verklaar word nog voordat dit tot stand gekom het – dit antisipeer die totstandkoming van die verklaring nog voordat dit gebeur het. So byvoorbeeld lees ons in **Genesis 3:20** dat Adam sy vrou Eva, *“Ma van die lewendes,*” genoem het nog voordat haar eerste kind Kain gebore is. In **Mattheüs 10:4** en **Lukas 6:16** word Judas Iskariot byvoorbeeld ook as die verraaier van Jesus genoem, omtrent drie jaar voordat dit gebeur het.Toe Moses Genesis geskryf het, het hy die Jode terug verwys na die skeppingvehaal en dit gebruik om te verduidelik waarop die ses dae werk en die sewende dag Sabbatbeginsel wat eers in Exodus 16 ingestel is, vandaan kom:

> “*Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou **dienskneg of jou diensmaagd**, of jou vee of **jou vreemdeling** wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig”* (**Exodus 20:8-11).**

In Adam se tyd sou die verwysing na “dienskneg” en “vreemdeling in jou poorte” wat ook in die hou van die Sabbat betrek was, geen sin gemaak het nie. Die enigste gebooie wat aan Adam en Eva gegee is, was om na die Tuin te versorg en om nie van die verbode vrug te eet nie. Die Rusdag wat God op die sewende dag verklaar het, kon nie op Adam van toepassing gewees het nie, want Adam is eers op die sesde dag geskape en die “sloeg” van werk het eers na die sondeval in werking getree (**Gen.3:19**).

Sabatariërs gebruik gewoonlik Genesis 26:5 as ’n proefteks om te probeer bewys dat die Tien Gebooie voor Moses se tyd alreeds bestaan het:

> *“...en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word; omdat Abraham na my stem geluister **en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het”*** (**Gen. 26:4-5).**

Die fout wat hulle maak is dat hulle aanneem dat die verwysing na **“*gebooie*”** in hierdie skrifgedeelte, ’n verwysing is na die Tien Gebooie is. As dit ’n verwysings na die Tien Gebooie is, soos hulle beweer, dan moet “M*y ordeninge”, “My insettinge en My wette”* mos na die

seremoniële wette van Moses verwys wat later saam met die Tien Gebooie by Sinai in Exodus 20 aan die volk gegee is. Volgens hulle redenasie moet Sabbatariërs dan ook al die Mosaïese seremoniële wette onderhou! Waarna verwys "*my ordeninge", "My insettinge en my wette"* in die konteks van **Gen. 26** *?* **Dit verwys na die bevele en instruksies wat God aan Abraham gegee het.** Abraham was gehoorsaam om God se bevele en insettinge uit te voer. Hy het byvoorbeeld gewilliglik God se bevel en instruksie om sy land te verlaat en om besnydenis in te stel, gehoorsaam (**Gen. 17:11**) Hy het so ook die bevel om sy seun Isak te gaan offer, gehoorsaaam **(Gen. 22**).

As die feit dat Jesus die Sabbat gehou het as rede aangevoer word hoekom Christene die Sabbat moet onderhou, moet Christene ook begin om diere te offer, want Jesus het beveel dat dit ook gedoen moet word (**Matt.8:4**).

In 'n publikasie wat sabbatsonderhouding voorstaan beweer die skrywer dat Jesus meer wonderwerke op die Sabbat gedoen het as op enige ander dag van die week om daardeur te getuig dat Hy 'n lewe van volheid aan Sy kinders wil voorsien (*God het gesê ônthou,* bl.12*).* Sy gegewens is nie reg nie – uit 37 wonderwerke wat in die Nuwe Testament beskryf word, het net sewe op die Sabbat plaasgevind. Uit min of meer drie jaar se Sabbatte gedurende Jesus se bedieningstyd , d.w.s. ongeveer 150 Sabbatte, het Hy net sewe wonderwerke op dié dag gedoen*! (https://teachingsofthebible.wordpress.com/2016/09/14/jesus-7-miracles-he-performed-on-the-sabbath/).*

Hoekom het Paulus-hulle in Handelinge, sinagoges besoek?

Sinagoges as Joodse institusies het 'n natuurlike forum geskep waar die Evangelie aan die Jode wat gereeld daar vergader het, verkondig kon word. In Handelinge lees ons hoe dit Paulus se gewoonte was om altyd eers na 'n sinagoge te gaan om die Evangelie daar aan die Jode te verkondig:

> *"En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank* ***met hulle uit die Skrifte geredeneer en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus"*** (**Hand.17:2-3**).

Christene is later uit sinagoges verban omdat die Evangelie met die Wet van Moses gebots het (**Luk. 4:28-29; Hand. 22:17**).

Voorskriftelike en beskrywende gedeeltes in die Skrif

As, soos sommige mense glo, die Sabbat gehou moet word omdat dit in Handelinge beskryf word hoe Paulus-hulle die sinagoge op die Sabbat besoek het, sal hulle, om konsekwent te wees, ook besnydenis in hulle doktrines moet inkorporeer, want in **Handelinge 16:3** word dit beskryf hoe Paulus Timotheus laat besny het! Is hierdie voorbeelde voorskriftelik en bewyse dat Paulus gelowiges geleer het om die Wet van Moses te onderhou? Ek glo nie so nie, want om dit te doen sal te veel ander duidelike voorskrifte in die Nuwe Testament geïgnoreer moet word. Ons moet van duidelike, ondubbelsinnige gedeeltes gebruik maak om meer lig te werp op dié waarvan die betekens onduidelik is. Dit moet ons doen om byvoorbeeld te verstaan hoekom Paulus iets doen wat heeltemal teentrydig is met wat hy verkondig; hy laat Timotheus besny, terwyl hy aan die Galasiërs skryf:

> *"Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie. En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou".*

Onder ander omstandighede weer, het Paulus geweier om Titus, wat 'n Griek was, soos wat hy met Timotheus gedoen het, te besny **(Gal. 2:3).**
Daar is 'n logiese verduideliking vir wat Paulus gedoen het. As ons toelaat dat Skrif Skrif verduidelik sien ons dat wat Paulus met Timotheus gedoen het 'n demonstrasie was van sy woorde:

> *" Want alhoewel ek van almal vry was, het ek my aan almal diensbaar gemaak om soveel van hulle as moontlik te win. Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om die Jode te win; vir die wat onder die wet is, soos een wat onder die wet is, om die wat onder die wet is, te win. Vir die wat sonder die wet is, soos een sonder wet—al is ek nie sonder die wet van God nie, maar onder die wet van Christus—om die wat sonder die wet is, te win... **En ek doen dit ter wille van die evangelie…*** **(1 Kor. 9:19-23).**

Sonder om die wet van Christus te verbreek, het Paulus van enige toelaatbare metode gebruik gemaak om mense vir die Evangelie te bereik. In dieselfde trant, **sonder om die wet van Christus te verbreek**, het hy by heidene en hulle gewoontes aangepas **(1 Kor. 9:19-23). Wat egter baie duidelik is as ons die briewe van die apostels lees, is dat hulle nêrens gelowiges enige instruksies gee om die Sabbat, of enige ander wet van Moses, te onderhou nie.**

Die opheffing van die Ou Testamentiese gebooie en wette

> *"As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was—want met die oog daarop het die volk **die wet** ontvang—waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie? **Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet*****...*** **(Heb. 7:11-12).**
>
> *"Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef..."* **(Ef.2:15***).*
>
> *"...en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael..."* **(Kol. 2:14).**

Is net die seremoniële wette opgehef?

Daar word gesê dat die Brief aan die Galasiërs net oor seremoniële wette gaan, maar **Galasiiërs 3:24-25** wys dat hulle verkeerd is. Hierdie Skrifgedeelte stel dit duidelik dat ons wat in Christus is, nie meer onder die Tien Gebooie is nie,

> *"**Die wet** was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie."*
>
> ***Rom. 7:3-4:** "...maar as die man sterwe, is sy vry van die wet, sodat sy nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie. **So, my broeders, is julle dan ook ten***

> ***opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus**, om aan 'n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is... "*
>
> *"En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlikheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie... hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlikheid wees nie?* **(2 Kor. 3:9).**
>
> **Ef. 2:15: *"...** deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik **die wet van gebooie wat in insettinge bestaan;** sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep..."*
>
> **Kol. 2:14***: "...en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael..."*
>
> **Kol. 2:16 : "***Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie..."*

Wat van die onderhouding van "die gebooie" waarna in Openbaring 12:17 verwys word?

Die Griekse woord vir gebooie is ***entolé*** wat in 'n algemene sin wette beteken. Die konteks in die Bybel moet wys na watter wette verwys word. **Beteken "gebooie" in die Nuwe Testament elke keer die Tien gebooie van die Torah?**

'n Leraar van Sabbatsonderhouding skryf aan my:*"Elke keer wat jy 'wet' lees in die NT, is dit maar net Torah …toe Jesus die woorde gesê het: 'do my commandments' (***Joh.14:15***)... Was dit nie maar net die commandments van Moses nie?"*

Verwys die Nuwe Testamentiese gebruik van die woorde "wet" en "gebooie" in verse soos **Joh. 14:15, 1 Joh. 2:3-4 en Openbaring 12:17** "elke keer" na die wette van Moses in die Torah?
'n Bestudering van die konteks waarin hierdie woorde voorkom, sal aantoon dat die stelling van die Sabbatsleraar nie waar is nie. Die konteks van die Bergpredikasie in **Matt. 5, 6** en **7** wys dat die woorde van Jesus: *"Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen…"* na Sy leringe verwys en nie na die woorde van die Torah nie.
Dit is interessant om daarop te let dat Jesus nie sê dat die gebooie van Moses gehoorsaam moet word nie; Hy beklemtoon dat dit sý gebooie is wat gehoorsaam moet word! (Joh. 15:9-17). Ook sê Jesus nie dat ons die gebooie van Sy Vader moet onderhou soos Hy dit onderhou het nie. Dit sou ons nooit soos Hy kon regkry nie. Om as die vlekkelose Lam van God as soenoffer vir die sonde van die mensdom te kwalifiseer, **móés Hy die Wet van sy Vader volkome onderhou.** Dit is wat ons in **Gal.4:4** lees:

> *"Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun gestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop..."*

Jesus verduidelik self wat die "gebooie" is wat in **Joh. 15:9-17** genoem word:

> *"Dit is My gebod (God die Seun s'n), dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het"* (**Joh.15:12).**

Die Griekse woord *entolé* wat in **Joh. 14:15, 1 Joh. 2:3,4** en **Openbaring 12:17** as "gebooie" vertaal word, verwys na die "gebooie" van Jesus en nie na die Torah nie. Die *Strong's Exhaustive Concordance* verklaar die woord so: *"an injunction i.e. an authoritative prescription…* ***The precepts and teachings of Jesus."***
Die stelling van die Sabbatsleraar dat die Griekse woord *nomos* altyd in die Nuwe Testament na die wette van Moses verwys, is nie waar nie, omdat die woorde *"wet, gebooie, entolé, nomos en mitzvah"* etimologies na die wette van God, Christus of mense kan verwys. Die betekenis moet afgelei word van die konteks waarin hulle gebruik word. Dit word duidelik as daar byvoorbeeld na **Romeine 8:2** gekyk word:

> "*Want die wet (nomos- Strong's 3551) van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet (nomos- Strong's 3551) van die sonde en die dood" (Rom. 8:2).*

As die woord nomos altyd in die Nuwe Testament na die Torah verwys, soos die leraar beweer, maak hierdie vers mos nou nie sin nie. Beteken dit nou dat die Torah mense van die Torah vry maak? Logiese denke en die breër lering van die Nuwe Testament maak dit baie duidelik dat die een nomos (wet) wat ons vry maak van die ander nomos (wet) te doen het met die wet van Christus wat ons vrymaak van die wet van Moses.
In die konteks van die Nuwe Testamentiese gebruik van die woord "wet" (*nomos, entolé*) verwys dit na die bevele van Jesus. As bevestiging haal ons **Joh. 13:34** aan waar Jesus verklaar:

> *" 'n Nuwe gebod (entolé) gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het…"*

Verwys "gebod" in hierdie geval na die Torah? Waar in die wette van Moses word so'n wet genoem? – en terloops, as dit na een van die wette van die Torah sou verwys, dan is daar mos niks nuuts aan nie!
As die term "gebooie", soos sommige leraars verklaar, altyd na net na die Tien Gebooie verwys, hoekom verwys Paulus na sy opdragte in sy briewe aan die Korintiërs as bevele (***entolé*** – gebooie) van die Here? (**1 Kor.14:37**).

Hoe het die apostels die bevele van Jesus verstaan?

Het hulle verstaan dat hulle die mense moes leer om die Wet van Moses (Torah) te gehoorsaam? Wat sê hulle self?:

> ***1 Thess.4:2-12:*** *"Want julle weet watter bevele (paraggelia,'commands') ons deur die Here Jesus gegee het…"(Complete Wordstudy Dictionary* – Zodhiates).

Paulus laat ons nie wonder waarna hierdie gebooie verwys wat hy van Jesus ontvang het nie. In die konteks van **1Thess. 4** verduidelik hy:
v.3…hulle moet hulle onthou van hoerery
v.4…elkeen moet sy eie vrou hê, in heiligheid en eer
v.6…niemand moet sy broer bedrieg en benadeel nie
v.9…hulle moet mekaar met broederliefde liefhê

v.11…hulle moet met hul eie hande werk, rustig lewe en hulle eie sake behartig
Verder verklaar hy:

> ***"As iemand meen dat hy 'n profeet of geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skryf, bevele (entolé) van die Here is"*** **(1 Kor. 14:37).**

Verandering van wet

As die Sabbat nie kan verander nie, soos sommiges beweer, waarom word daar in **Hebreërs 7:11-.12** die volgende verklaar? :

> *"...waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie?* Want met verandering van die priesterskap **kom daar noodsaaklik ook verandering van wet"...(Heb. 7:11-.12).**

As die wet nie verander het nie, waarom was dit nodig dat Jesus 'n nuwe gebod (entolé) moes gee? (**Joh. 13:34).**

Verandering van die Sabbat?

Die Sabbat is nie verander na Sondag toe nie. Die Jode het op die Sabbat, die Sewende dag van die week, aanbid, terwyl Christene van die begin af op die Eerste Dag van die week bymekaar gekom het **(Hand.20:7; I Kor.16:1-2).** Dit word erken dat sekere traditionele Christene Sondag verkeerdelik as 'n Christen Sabbat beskou, maar volgens die Nuwe Testament bestaan daar geen ding soos 'n Christelike sabbat nie.

Daar word geargumenteer dat omdat die Tien Gebooie op kliptafels geskryf is, is hulle permanent en vir ewig.
Die Sabbatariërs maak 'n kunsmatige skeiding tussen die Tien Gebooie en die res van God se Ou Testamentiese wette en instruksies aan Israel. As die Tien Gebooie moet bly staan dan moet die offerandestelsel ook bly staan want **Levitikus 24:5-8** verklaar dat die fynmeeloffer vir Israel 'n ewige insetting moet wees.

Waar is die kliptafels vandag?

> *"... omdat julle duidelik 'n brief van Christus is...geskrywe...met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart...*
> *as dienaars van 'n nuwe testament...En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlikheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlikheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan,* ***hoeveel te meer sal*** *die bediening van die Gees dan nie in heerlikheid wees nie?...Want as wat moes vergaan, met heerlikheid was, veel meer is wat moet bly, in heerlikheid"* **(2 Kor.3:2-11).**

Vrae

Hoekom word daar in die Nuwe Testament geen opdrag gevind wat beveel dat die Sabbat onderhou moet word nie, terwyl dit tallekeer in die Ou Testament gedoen word??

In die Nuwe Testament word verskeie soorte sondaars opgenoem wat nie die koninkryk van God gaan beërwe nie (**1 Korinthiërs 6:9-10, Galasiërs 5:19-21, 1 Timotheüs 1:9-10 en Openbaring 21:8 en 22:15).** Nêrens in hierdie lys word Sabbatbrekers genoem nie!

Sommige Sabbatariërs beskuldig Christene wat op Sondae bymekaarkom dat hulle sonaanbidders is. Nou wonder ’n mens of hulle wat op ’n Saterdag bymekaarkom, Saturnus aanbid?
Sommige beweer dat die verwysing in **Kolossense 2:16** nie na die Sabbat kan verwys nie, omdat daar nie ’n bepaalde lidwoord daarvoor staan nie. Hoekom verskyn daar nie bepaalde lidwoorde voor die verwysings na die Sabbat in skrifgedeeltes soos **Mattheüs 28:1** en **Johannes 5:9, 10, 16?**
Sommige veklaar dat om op die Eerstedag van die week, Sondag, bymekaar te kom, “die merk van die Dier” is? Ek wonder of hulle tot so ’n slotsom sou gekom het sonder hulle profetes Ellen White se interpretasie van **Openbaring 14:9-12**.
Daar bestaan niks in die Bybel dat die Merk van die Dier iets te doen het met die dag wat Christene bymekaar kom nie. Die feit van die saak is dat vroeë Christene enige tyd van die week bymekaar gekom het. **(Hand. 2:46-47).** Baie gelowiges doen dit vandag nog. Paulus het hom uitdruklik teen die hou van heilige dae uitgespreek:

> *“...maar nou dat julle God ken...hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels* wat julle weer van voor af aan wil dien? Julle neem dae en en maande en tye en jare waar **(Gal. 4:9-11).**

Ellen G.White – Valse profetes – skuldig gevind aan plagiaat - White het haar boek *The Great Controversy* afgeskryf van *The History of Protestantism* (1876).
(https://www.bible.ca/7-WL-exhibits-image-Wylie.htm).

Slotsom

Kan Sabbatariërs een Skrifgedeelte uit die Nuwe Testament gee hoekom die hou van die Sabbat vir Christene verpligtend is?

Nick Maartens
Jeffreysbaai
nickmaartens@hotmail.com